Loflied – 436: 1-3

1. Herskep, o Gees, laat leef, o Gees,
laat kom die koninkryk met mag,
laat mense tot bekering kom,
oorreed deur u oortuigingskrag.

2. O Gees, verlig ons, laat ons vind
die waarheid wat u Woord ons leer -
dat ons met God en met mekaar
in Gees en liefde kan verkeer.

3. Herskep, o Gees, laat ons herleef,
maak wakker elkeen in u kerk.
Laat ons uit God se liefde leef,
en dankbaar waak en bid en werk.

Vredesgroet

Kinderkerk

GOD PRAAT MET ONS UIT DIE BYBEL

Gebed om die opening van die Woord: Lied 442: 1

1. Gees van God wat in my woon,
breek die Woord vir my.
Gees van God wat in my woon,
kom en heilig my.
Troos my, sterk my, leer my, lei my.
Gees van God, kom heilig my -
breek die Woord vir my.

Skriflesing – Openbaring 3: 14-22
Boodskap – Die brief aan Laodisea

SAAM MET GOD AAN TAFEL

Nagmaalsformulier
Lied met gereedmaak van die tafel: 384

1. Jesus, o dink aan my wanneer U, Heer, in u ryk kom.
Jesus, o dink aan my wanneer U, Heer, in u ryk kom.

Apostoliese Geloofsbelydenis

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is,
gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike kerk,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en ’n ewige lewe.

Tafelgebed: Lied 266

Ons Vader wat woon in die hemel,
geheilig sy u Naam.
Laat u ryk kom, u wil geskied,
soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood
en vergeef ons al ons skulde,
net soos ons vergewe
dié wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking,
maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk
en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, amen.
Vir ewig en ewig, amen.

Nagmaalsviering

Dankgebed
Opsteek van kerse by die Christuskers

Offergawes

GOD STUUR ONS…

Slotlied – 440: 1- 4

1. Die Here salf ons met sy Gees
tot diens en heiligheid,
tot koning, priester en profeet -
tot ware Christen-wees.

2. Die Gees van God bly wonderbaar
voortdurend inspireer -
dat ons met Hom en met mekaar
in liefde kan verkeer.

3. Die Heil'ge Gees gee uit die skat,
deur Christus self verdien -
sy liefde, blydskap, vrede, guns
kom Hy aan ons voorsien.

4. Wie hul laat lei deur God se Gees,
leer iets van Christen-wees -
Hy leer ons bid, getuig en dien
en liefhê sonder vrees.

Seëngroet (nav Openb 1: 17-18)

Die Here vat met sy regterhand aan elkeen van ons. Hierdie Here wat ons vashou is die Eerste en die Laaste, die Lewende. Hy lewe, en ons lewe, en sal lewe.

Amen - Lied 314 [x2].

Here, sedert u hemelvaart is óns u liggaam op aarde.
Ons hande is nou die enigste hande
waarmee U u werk wil doen.
Ons voete is nou die enigste voete
waarmee U in hierdie wêreld wil rondgaan.
Ons oë is die enigste oë
waarin mense nou U deernis en ontferming
kan sien uitstraal na hierdie hartseer wêreld.
Here, óns is nou U liggaam hier op aarde.
(Terese van Avila)

EREDIENS

27 Mei 2012
Ned. Geref. Gemeente Pinelands
Pinksterfees

GOD BRING ONS VOOR HOM SAAM

Verwelkoming en Bulletin

Aanvangslied – 169: 1-3

1. Heilig, heilig, heilig, Heer, God almagtig,
groot is u troon, U is steeds met lof omring!
Heilig, heilig, heilig, liefderyk, genadig -
u troon is steeds met lig en lof omring!

2. Heilig, heilig, heilig, Heerser vir ewig;
groot is u Naam - U die Vader, Seun en Gees.
Grote God, ons eer U, met u hele skepping.
U wat in liefde God regverdig is.

3. Heilig, heilig, heilig, Heer, so weldadig,
groot is u guns, want U buig U tot ons neer!
Heilig, heilig, heilig, magtig en genadig.
U wás en ís en sál vir ewig wees.

Aanvangswoord (Openb 1: 7-8)

V: Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurboor het; en al die volke van die aarde sal oor Hom in selfverwyt weeklaag. Ja, dit is seker! "Ek is die Alfa en die Omega," sê die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.
G: Amen.

Seëngroet

Genade en vrede van God ons Vader, van Jesus Christus wat tot die hoogste eer verhef is en sit aan die regterhand van God en van die Heilige Gees, ons Trooster.